VERSAILLES

WINES

The Train Station

3rd Generation – Petrus Jacobus "Pieter" Malan

Jan Gysbert Malan had a son and named him Petrus Jacobus "Pieter" Malan (after his grandfather). "Pieter" was set to make the family's name virtually synonymous with the town of Wellington.

In November 1863, watched by hundreds of thrilled spectators, the first train from Cape Town arrived at the newly constructed Wellington station, and the town began transforming from a sleepy, rural backwater town into a bustling terminus.

Ten years later, the discovery of diamonds made it a national priority to extend the railway line to Kimberley – but the property through which the proposed rail extension was to run was part of "Oom Pieter" Malan's farm, better known as Versailles.

The canny businessman agreed to loan the land to the railways on the strict condition that every passenger train must stop at Wellington Station. This practice, which first began on 1 May 1879 (and is still an unspoken rule) provided a sorely needed boost for local farmers, and irrevocably changed the fortune of the town, spawning a host of industries, including the Wellington Fruit Growers' Association (which later became the SAD).

As the railway line ran the full length of the farm, the Malans were able to wield considerable power and influence.

An additional perk was that "Oom Pieter" and his cronies got an excellent view of passengers on the train, including passengers like Boer Generals de Wet, De la Rey, Botha, Hertzog and Smuts and other high-profile history-makers such as Presidents Steyn, Reitz and Kruger, as well as Cecil John Rhodes and Jameson.

Selfs konings hou hier stil

Deur S. Vercueil

GEEN passasierstrein het die afgelope eeu nog by die spoorwegstasie van Wellington in die Boland verbygery nie — nie eens die Blou Trein of die Wit Trein nie.

Dit word só gedoen volgens die voorwaardes in 'n servituut wat honderd jaar gelede opgestel is deur die skenker van die stuk grond waarop die stasie staan, asook 'n deel waaroor die spoor loop. En dit sal waarskynlik nog honderd jaar lank só bly.

Mnr. Piet Malan, wat in 1820 op die dorp gebore en in 1897 daar oorlede is, was die eienaar van die spogplaas Versailles, wat vandag behoort aan sy agter-agter-kleinkind, mnr. Tienie Malan.

In 1863 het die regering van die Kaapse Kolonie 'n deel van Versailles gekoop sodat die spoorlyn van Kaapstad na Wellington deur hierdie deel kon gaan. Einde 1863 is die spoorlyn voltooi en is 'n gereëlde treindiens oor die 72 km ingestel.

Toe die eerste trein laat in Oktober 1863 Wellington se stasie binnestoom, was dit 'n feesdag vir dié Bolandse dorp en sy distrik. Die Union Jack het oral gewaai tussen die blomme en baniere. Jare lank was Wellington die eindpunt van die eerste spoorlyn van Kaapstad na die Noorde. Aangesien die stasie gelê het op 'n deel van Versailles, was hierdie plaas vanselfsprekend ook die uitspanplek van mense uit die binneland wat tot daar gekom het met hul ossewaens, perdekarre en muilwaens wat per trein tot in die Kaap wou reis.

Met die ontdekking van diamante omstreeks 1870 is die spoor eers tot by Worcester en later tot by Kimberley verleng. Weer was dit nodig om oor 'n deel van Versailles 'n spoor aan te lê.

Oom Pieter Malan, wat gesorg het dat alle passasierstreine op Wellington stilhou. Mnr. Malan was die eienaar van die plaas Versailles, waar die eerste stasie gebou is.

Piet Malan het besluit om hierdie stuk grond gratis aan die Kaapse Spoorweë te skenk, op voorwaarde dat alle passasierstreine op Wellington se stasie moet stilhou.

'n Servituut is opgestel en die ooreenkoms tussen Malan en die spoorwegadministrasie van die Kolonie is skriftelik op 1 Oktober 1875 bekragtig.

„Ek het hierdie besluit geneem sodat dit vir my en alle inwoners van Wellington in die toekoms gerieflik sou wees om van Wellington per trein na Kaapstad, Worcester of ander plekke in Suid-Afrika te reis," het hy destyds gesê.

Op 1 Mei 1876 het alle passasierstreine op die dorp se stasie begin stilhou. Met dié het die inwoners van Wellington plesier gehad aan besoeke van konings en prinse, Staatspresidente, eerste ministers en talle ander beroemdes.

In 1925 moes die koninklike trein waarin die Prins van Wallis (later die kroonprins Eduard VIII van Brittanje) gereis het, ook hier stilhou. In 1934 het die Hertog van Kent gesien hoe lyk Wellington se stasie en in 1947 het koning George VI op die perron rondgestap.

Een staaltjie het dit dat 'n jong skoolseun toe na die koning gestap het en om sy handtekening gevra het. Die koning het gesê dat dit nie gedoen kan word nie, maar het die sakboekie en pen van die seun, Cyrus Smith van die Paarl, opgetel toe dit val en gesê die seun moet aan hom skryf as hy terug is in Engeland en só 'n handtekening kry. Die seun het sy handtekening gekry.

Die inwoners van Wellington is Piet Malan van Versailles nog altyd dankbaar. Sy voorwaardes van destyds sorg nou nog dat daar interessante dinge gesien word en belangriker nog: vir hulle en die inwoners van buurdorpe is dit maklik om per trein te reis.

Nog net een keer is sake op die stasie ontwrig: in Desember 1938 het die Blou Trein op 'n dag volstoom deur die stasie gejaag — weens 'n misverstand tussen die masjinis en die stasiemeester. 'n Paar inwoners is verontrief en die saak is dadelik onder die aandag van die destydse Minister van Vervoer gebring. Sedertdien het dit nie weer gebeur nie.

In 1897 is Piet Malan oorlede — nadat hy en sy mense 22 jaar lank die genot en gerief van sy spoorwegservituut gehad het. In daardie jaar was Wellington reeds per spoor met Kimberley, Pretoria en Durban verbind.

Onder die inwoners sal hy altyd bekend staan as 'n edelman van sy kop tot by sy voetsole. Hy verdien 'n borsbeeld op Wellington se stasie, waar die treine nie deurhaas nie.

VERSAILLES WINES

Selfs konings hou hier stil

Deur S. Vercueil

GEEN passasierstrein het die afgelope eeu nog by die spoorwegstasie van Wellington in die Boland verbygery nie — nie eens die Blou Trein of die Wit Trein nie.

Dit word só gedoen volgens die voorwaardes in 'n servituut wat honderd jaar gelede opgestel is deur die skenker van die stuk grond waarop die stasie staan, asook 'n deel waaroor die spoor loop. En dit sal waarskynlik nog honderd jaar lank só bly.

Mnr. Piet Malan, wat in 1820 op die dorp gebore en in 1897 daar oorlede is, was die eienaar van die spogplaas Versailles, wat vandag behoort aan sy agter-agter-kleinkind, mnr. Tienie Malan.

In 1863 het die regering van die Kaapse Kolonie 'n deel van Versailles gekoop sodat die spoorlyn van Kaapstad na Wellington deur hierdie deel kon gaan. Einde 1863 is die spoorlyn voltooi en is 'n gereëlde treindiens oor die 72 km ingestel.

Toe die eerste trein laat in Oktober 1863 Wellington se stasie binnestoom, was dit 'n feesdag vir dié Bolandse dorp en sy distrik. Die Union Jack het oral gewaai tussen die blomme en baniere. Jare lank was Wellington die eindpunt van die eerste spoorlyn van Kaapstad na die Noorde. Aangesien die stasie gelê het op 'n deel van Versailles, was hierdie plaas vanselfsprekend ook die uitspanplek van mense uit die binneland wat tot daar gekom het met hul ossewaens, perdekarre en muilwaens wat per trein tot in die Kaap wou reis.

Met die ontdekking van diamante omstreeks 1870 is die spoor eers tot by Worcester en later tot by Kimberley verleng. Weer was dit

Oom Pieter Malan, wat gesorg het dat alle passasierstreine op Wellington stilhou. Mnr. Malan was die eienaar van die plaas Versailles, waar die eerste stasie gebou is.

nodig om oor 'n deel van Versailles 'n spoor aan te lê.

Piet Malan het besluit om hierdie stuk grond gratis aan die Kaapse Spoorweë te skenk, op voorwaarde dat alle passasierstreine op Wellington se stasie moet stilhou.

'n Servituut is opgestel en die ooreenkoms tussen Malan en die spoorwegadministrasie van die Kolonie is skriftelik op 1 Oktober 1875 bekragtig.

„Ek het hierdie besluit geneem sodat dit vir my en alle inwoners van Wellington in die toekoms gerieflik sou wees om van Wellington per trein na Kaapstad, Worcester of ander plekke in Suid-Afrika te reis," het hy destyds gesê.

Op 1 Mei 1876 het alle passasierstreine op die dorp se stasie begin stilhou. Met dié het die inwoners van Wellington plesier gehad aan besoeke van konings en prinse, Staatspresidente, eerste ministers en talle ander beroemdes.

In 1925 moes die koninklike trein waarin die Prins van Wallis (later die kroonprins Eduard VIII van Brittanje) gereis het, ook hier stilhou. In 1934 het die Hertog van Kent gesien hoe lyk Wellington se stasie en in 1947 het koning George VI op die perron rondgestap.

Een staaltjie het dit dat 'n jong skoolseun toe na die koning gestap het en om sy handtekening gevra het. Die koning het gesê dat dit nie gedoen kan word nie, maar het die sakboekie en pen van die seun, Cyrus Smith van die Paarl, opgetel toe dit val en gesê die seun moet aan hom skryf as hy terug is in Engeland en só 'n handtekening kry. Die seun het sy handtekening gekry.

Die inwoners van Wellington is Piet Malan van Versailles nog altyd dankbaar. Sy voorwaardes van destyds sorg nou nog dat daar interessante dinge gesien word en belangriker nog: vir hulle en die inwoners van buurdorpe is dit maklik om per trein te reis.

Nog net een keer is sake op die stasie ontwrig: in Desember 1938 het die Blou Trein op 'n dag volstoom deur die stasie gejaag — weens 'n misverstand tussen die masjinis en die stasiemeester. 'n Paar inwoners is verontrief en die saak is dadelik onder die aandag van die destydse Minister van Vervoer gebring. Sedertdien het dit nie weer gebeur nie.

In 1897 is Piet Malan oorlede — nadat hy en sy mense 22 jaar lank die genot en gerief van sy spoorwegservituut gehad het. In daardie jaar was Wellington reeds per spoor met Kimberley, Pretoria en Durban verbind.

Onder die inwoners sal hy altyd bekend staan as 'n edelman van sy kop tot by sy voetsole. Hy verdien 'n borsbeeld op Wellington se stasie, waar die treine nie deurhaas nie.

VERSAILLES
WINES